LAER VOLKSKOOL
GRAAFF-REINET

NUUSBRIEF
Nommer 30
21 September 2018

UIT DIE KANTOOR

Geagte Ouers

MEEGEVOEL
Ons innige meegevoel gaan aan die Naudé familie (Bianca & Stefanus) met die afsterwe van hul geliefde ouma. Mag hulle as gesin die nabyheid van ons Hemelse Vader in hierdie moeilike tyd beleef.

TOTSIENS
Mev Lydia van Heerden het ons Donderdag, 20 September verlaat. Sy tree in die huwelik. Ons wens haar alles wat mooi is vir die toekoms. Baie dankie vir dit wat sy vir die skool gedoen en beteken het.

KOSHUIS
Mnr en mev Johan Nieuwoudt is vanaf Januarie 2019 as koshuisvader/moeder by die koshuis aangestel.

EPOS
Daar is 'n epos as kommunikasie tussen die ouers en die beheerliggaam geskep. Die adres is lvsbl1820@gmail.com, indien u enige navrae aan die beheerliggaam wil rig. Navrae in verband met koshuisaangeleenthede kan ook na hierdie epos gerig word. Dit sal deurgegee word aan mnr Hendrik Wolfaardt.

ENTREPRENEURSDAG
Donderdag, 27 September hou ons Entrepreneursdag, bring asseblief baie geld skooltoe! Daar sal baie stalletjies met allerhande lekkernye en vermaak wees.

PRYSUITDELING
Alle trofees moet asseblief op 12 Oktober 2018 by die kantoor ingehandig wees.

DIE SKOOL BEGIN DINSDAG, 25 SEPTEMBER 2018 OM 08:00.

PROGRAM VIR DONDERDAG, 27 SEPTEMBER 2018

08:00	Saal en Redenaars
08:45	Pouse
09:00	Pretstap
10:00	Entrepreneursdag
11:00	Grondslagfase Kleuroorlog
	Register Graad 4 – 7 Leerlinge ontvang hul rapporte.
11:30	Grondslagfase verdaag
	Graad 4 – 7 Kleuroorlog
12:00	Graad 4 – 7 Verdaag

Leerlinge ontvang hul rapporte. Bring tasse om rapporte in te plaas. Weens die Karoolusfees, ontruim die koshuis op Donderdag, 27 September 2018.

SPORT

TWEEKAMP
Carlien Oosthuizen gaan die OP A-span verteenwoordig en Frederick de Klerk gaan die OP B-span verteenwoordig by die Interprovinsiale Vrystaat Kompetisie in Bloemfontein op 29 September 2018. Sterkte en baie geluk aan hierdie twee leerlinge.

LANDSDIENS
Op Donderdag, 27 September 2018, hou ons weer Kleur-oorlog waar almal mekaar bietjie kan natspuit met “kleurdoepa” en inspuitings (sonder naalde natuurlik!). Om deel te neem aan die Kleur-oorlog kos R20,00. Geen waterpistole of eie inspuitings sal toegelaat word nie, aangesien dit voorsien word. Die leerlinge kan wel hulle eie veiligheidsbrille of swembrille saambring, indien hulle sou wou. Die geld moet asb. voor /op Dinsdag, 25 September 2018 betaal word.

KRIEKET
Die krieketwedstryd wat op 26 September 2018 teen Union sou plaasvind, is geskuif na 23 Oktober 2018. Die datum is deur Union verander.

TENNIS
Dinsdag, 25 September 2018 speel ons 1ste spanne en van die o.10 leerlinge teen Laerskool Gill tenniswedstryde op ons bane. Hulle word sterkte toegewens.

GEDAGTE VIR DIE WEEK

Laat die son in jou lewe skyn,
Laat kommer en vrees verdwyn …
Vra die vader om jou hand vas te hou,
Hy sál, want Hy is lief vir jou!

Psalm 34:9

D Joubert
Skoolhoof Epos: hooflvs@webmail.co.za
Tel: 049-8910803